

2 April

Skrifgedeelte: Spreuke 3:13-20

Fokusgedeelte: Spreuke 3:19-20

God se wysheid in die skepping verweef

Soos DNA is God se wysheid in die skepping verweef. 'n Mens leer uit 'n kunswerk iets van die kunstenaar. Die kleure, die kwasstrepe, die moment in sielsoordenking gevries – dit vertel mos iets van die skilder.

So vertel die spel van lig en lewe, van skynbaar oneindige detail en grootsheid, van wetmatigheid en onbegrypbaarheid in die skepping, van God se skeppingswysheid. Kyk maar mooi na die mier (Spr. 6:6), die arende (Spr. 23:5), sneeu en reën (Spr. 26:1), die wind (Spr. 27:16), die geitjie (Spr. 30:28). Oral is daar wysheids-DNA om te ontdek. Om die vingerafdrukke van die Skepper om ons te herken, dít is om Hom te leer *ken*.

Wie só na die wêreld waarin ons woon, kyk, staan oopmond; verwonderd. Want nie net is die ragfyn aartjies in die lenteblaar verruklik nie, maar hoe is die Bioloog wat die blaar uitgedink en gemaak het! En wie tog is dié Wiskundige-Ontwerper wat 1.61803... in sonneblomme en skulpe en wat nogals tussenin inbou? En voor die (tot nou nog grootliks) onbegryplike warboel van menslike emosie roep ek na die Antropoloog-Siel(!)kundige wat dít so wou.

Ek is nog altyd naïef-verwonderd oor die bekgeveg tussen geloof en wetenskap. Asof die twee teenoor mekaar sou staan, asof ons die een ten koste van die ander moet handhaaf! Kyk maar net dieper, dwardeer tot die wysheids-DNA.

Paulus kom van 'n heel ander kant – hoe tog sal God met Israel maak; sal sy genade in die Messias nie dalk tog ook oor hulle seëvier nie (Rom. 11)? – en roep dieselfde roep as die fisikus/bioloog/sielkundige/ek: “O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!” (Rom. 11:33).

So vergaap ons ons aan die lewe, verwonder ons ons nie net aan die skepping nie, maar sing ons oor Hy wat sy spore dáár gelaat het. Want sy DNA vibreer in perfekte harmonie ook in my herstelde bestaan.

Sing: Psalm 8-1 / Psalm 8-3

Ds. JP Fleischmann (Kaapstad)